*Dinsdag* **25 November**

**Skrifgedeelte: Hebreërs 9:23-28**
**Fokusgedeelte: Hebreërs 9:24**
**Tot agter die rookwolk …**

Dat ek voor Hom in die hemel moet gaan verskyn? Wat ’n uiters vreemde gedagte! Wat sal ek sê? Wat sal ek doen? Hoe verskyn ’n mens voor soveel grootheid en mag? As ek net vir een oomblik daaraan dink dat ek dalk êrens onvoorbereid by een of ander baie belangrike aardse funksie sou moes opdaag, maak dit my al klaar uiters ongemaklik! Kan so iets ooit menslik moontlik wees? Selfs die hoëpriester van ouds het dit nouliks gewaag om in die mensgemaakte (letterlik: “kopie van”) Allerheiligste van daardie tyd voor God te verskyn. Hy kon hom darem skuilhou agter die voorgeskrewe rookwolk (Lev. 16:13) om hom sy eie verleentheid en onwaardigheid te spaar en om Hom van God se grootheid, almag en waardigheid te bewaar.

Hoe verskriklik as ek nou voor Hom daar in die hemelse Allerheiligste (nie mensgemaakte!) moet gaan verskyn, ontbloot en alleen, met niks of geen rookagtige wolk om agter weg te kruip nie! Hoe absoluut ondenkbaar! Wie “op aarde” sou enigsins tot so iets in staat kon wees en dalk bereid wees om dit vir my te doen?

Dit verander alles as een Persoon op die aardse toneel verskyn. Jesus maak sy verskyning (vs. 26) aan ’n kruishout met ’n eenmalige versoeningsoffer – vir my – omdat ek nooit self aan ’n kruishout so ’n offer sou kon bring nie. Hy gaan egter ook baie verder. Hy vertrek na die hemelse Allerheiligste, nie ’n mensgemaakte kopie of weergawe daarvan nie. Daar verskyn Hy voor God (vs. 24) omdat ek dit daar ook nooit sou kon waag en oorleef nie. In my geestesoog sien ek Hom al daar: voor God, sonder enige rookwolk om agter te skuil, oop en bloot, van aangesig tot aangesig. Hy is in gesprek met die Vader – en dit vir my, in my plek!

Intussen, hier op aarde, moet ek wakker en op die uitkyk wees. Hy gaan nog weer een laaste keer hier kom verskyn (vs. 28). Nee, ek hoef gelukkig nie meer daarvoor bang te wees nie. Hy verskyn dan om my na Hom toe te neem sodat ek self uiteindelik voor God kan verskyn!

*Sing: Psalm 84-1:1*

*Ds. DPJ (Danie) Erasmus (Emeritus)*